



VREDE IN ONRUS

In Desember verskyn daar nie 'n uitgawe van *Die Kandelaar* nie. Dus is hierdie een die laaste vir 2016. Sowaar, ons is alweer aan die einde van nog 'n jaar. En wat 'n jaar was dit nie! Ek kan nie meer alles onthou nie, maar gebeure wat uitstaan, is die verkiesing waarin daar verrassende uitslae was; die Olimpiese Spele; onrus en oorloë die wêreld oor; die politieke onrus in ons eie land en binnegevegte in die ANC wat ons hele land nadelig raak; die sinnelose studente-onluste en al die skade wat dit meegebring het; die skokkend verrassende oorwinning van Trump in Amerika en die erge droogte in ons land wat vir mens en dier ellende gebring het. As mens nog verder gaan krap in die geskiedenis van 2016, gaan jy nog baie meer onstellige gebeure uitgrawe.

Al hierdie gebeurtenisse laat mens wonder wat geword het van die vrede op aarde wat die koms van Christus na die aarde gebring het. Hierdie grootste gebeurtenis in die wêreldgeskiedenis vier ons weer een van die dae in 'n tyd van onvrede soos ons weer in 2016 beleef het. Kersfees bring weer die boodskap van vrede op aarde – maar nie dié soort vrede wat ons aardbewoners so knaend ontwyk nie. Die vrede wat Kersfees verkondig, is dié wat spruit uit 'n innige verhouding met die Seun van God. Dit is 'n vrede wat 'n mens kan ervaar ten spyte van die toestand van die wêreld en ons eie land. Dit

is 'n vrede wat vrede bring juis in 'n situasie van onvrede want dit is die vrede van 'n herstelde verhouding met God in Christus. Mag jy hierdie vrede ervaar – nie net in die Kerstyd nie, maar op elke dag van elke jaar.

Die einde van die jaar is ook 'n tyd van eksamen skryf met al die spanning wat dit meebring. Mag jy dié ervaring beleef in die wete dat die Here met jou is.

Maar die einde van die jaar is ook vakansietyd. Mag jy heerlik rus en ontspan. En vir dié wat weggaan met vakansie wil ons 'n voorspoedige reis toewens. Ry tog asb versigtig!

Ons vertrou dat jy hierdie laaste uitgawe van *Die Kandelaar* sal geniet en lekker sal lees.

Ons groet jou met die groet waarmee die Jode mekaar altyd groet: SJALOM!

Daan en Jansie Kilian.

GOD VERSTEUR ONS RUS

Jona voer 'n rustige bestaan as priester in Jerusalem totdat God vir hom 'n besondere opdrag gee. Hy moet hulle aartsvyand in Nineve gaan bekeer!

Daarvoor sien Jona beslis nie kans nie! Dit is eintlik stilisties mooi om te sien hoe die skrywer die woordjie “af” gebruik om Jona se vlug weg van God af uit te druk. Hy gaan af na Tarsus en op die skip gaan hy af na die ruim waar hy ook later aan die slaap

raak. “Gooi my in die see”, is sy antwoord aan die matrose as oplossing om die storm op die see te laat bedaar. So protesteer hy teen die opdrag om na Nineve toe te gaan dat hy by implikasie sê: “Ek sal hiervoor sterf maar dit gaan ek nie doen nie.”

God het egter 'n plan met Jona en al is sy kind ongehoorsaam sal Hy met hom werk totdat hy besef hy is nie op die regte plek nie. Ons het almal 'n roeping van God gekry, maar presies wat dit is wat ons roeping is, is nie altyd met die eerste oogopslag duidelik nie. Vra jouself af wat die goed in jou lewe is waarvandaan jy wil wegvlug. Ek wil wegvlug van die konflik in die land, vlug van politieke leiers wat nie die regte dinge reg doen nie. Ek wil ook wegvlug van korrupsie en van morele verval en die tragiese gevolge van afhanklikheid. Daar is ook nog die mense wat met plakkate staan by robotte wat my grief en die gedurige invloed van Islam wat my wil verlam – veral ekstreemiste. Dit help nie om te vlug nie, ons is in hierdie tyd op hierdie plek geroep om God se kinders te wees. Dit help nie ek sê dat ek in 'n ander land, met ander mense vir ander probleme kans sien nie. Elke tyd het sy unieke uitdagings en eise wat ons met geloof en gehoorsaamheid moet aandurf.

Jona vlug deur sy eie bestemming te wil bepaal. Tarsus eerder as Nineve. Maar wie roep vir wie? Is dit nie ons verantwoordelikheid om

REDAKTEURS: Daan en Jansie Kilian

E-pos: daankilian@gmail.com/jansie@cpro.co.za

Telefoon: (012) 667-6929

sel: Daan 083-442-1250/Jansie 073-179-3295

Taalversorging: Chris Calitz

Medewerker: Jaco Kriek

na God se stem te luister nie of wil ons maar hê God moet óns dien, óns agendas laat slaag?

Jona vlug deur te slaap. Soms wil 'n mens 'n kombes oor jou kop trek en wegkom van alles en almal. Dit bly maar 'n ontkenning van die werklikheid en gee nie 'n oplossing nie. Om die werklikheid, om die bul by die horings te pak en te worstel met geloof totdat die oplossing deurbreek, is dalk 'n uitweg.

Jona vlug in stilstupe. Die kaptein maak hom ru wakker uit sy slaap:

"Hoekom bid jy nie tot jou God sodat ons uit die storm gered word nie?" Die ergste is om te vlug in mooi woorde, wie is jy nou eintlik?: "Ek is 'n Hebreër, ek dien die God wat die see en vasteland gemaak het." Hy dien nie die Here nie, Hy vlug van sy God weg! Om in iemand se nood te reageer met: "Ek bid vir jou, mag die Here jou seën", is dalk empaties bedoel maar help regtig nie om iemand se omstandighede te verlig of te verander nie.

Die goeie nuus is dat God nie vir Jona los nie, en dat Hy ten spyte van sy kind se ongehoorsaamheid nog sy doel sal bereik. Die matrose wend hulle na God, bid tot Hom en word bewaar. Jy kan nie vir God weghardloop nie, selfs nie in die dood nie!

Die gemeente het 'n opdrag om gemeenskapsgerig te leef en oplossings te help vind vir die nood van ons gemeenskap. Ons het reeds geluister na Ds Peter Malan wat 'n instrument ontwikkel het sodat beter netwerke tot stand kan kom om die nood te help verlig. Ons tema vir 2017 is: "Bring Lewe". Bid asb. saam dat 2017 vir ons 'n jaar sal wees van soeke na oplossings vir nood volgens God se wil en dat ons self bereid sal wees om daaraan mee te werk.

Ds Gideon.

OP REIS (13)...

Dit was 'n droom wat bewaarheid is om Petra in Jordanië, te kan besoek. Die "*Smithsonian Magazine*" noem dit as een van die 28 plekke wat jy moet sien voordat jy sterf (met genade het ek al 9 gesien). Die Arabiese tradisie lui dat dit die plek was waar Moses water uit die rots gekry het.

Die plek het sy eie betowering. Van die plato stap 'n mens in die nouste gangetjie af met rotswande beide kante soos 'n ravyn, totdat jy in 'n opening die mees asemroewende gesig voor jou sien. Uit die rotswand is die vooraansig van 'n gebou met massiewe klippilare gekap. Hierdie eerste en bekende baken het bekend gestaan as die tesourie. Die inwoners van Petra, die Nabateërs, was bekend vir hul vermoë om uit die rots die ongehooflikste reliëf na vore te bring. Die stad was 'n bekende oorsaanplek op die handelsroete of koningsweg tussen Egipte en die Ooste. "As jy nie sterk is nie moet jy slim wees", lui die bekende gesegde. Die Nabateërs het nie vreeslike sterk mag gehad nie maar het geweet om mense gasvry te ontvang. Miskien sou ons hulle vandag beskryf as mense in die hotelbedryf. Moeë reisigers het met hulle karavane hier aangedoen en lafenis ontvang. Hulle vermoë om water in die woestyn te kan opgaar en in kanale water te kan weglei, was alom bekend.

Die Bedoeïene het die plek beset en dit was deur die VN se bemiddeling dat die plek 'n wêreldbeseringsgebied geword het. Die Bedoeïene moes oortuig word om buite die stad te vestig maar as teenprestasie ontvang hulle 'n deel van die hekinkomste en hulle het die voorreg om stalletjies op te rig om hulle ware te verkoop. Donkies en perde word ingespan om mense te help vervoer want dit is weer

'n goeie 25 km wat 'n mens stap, indien jy alles wil sien.

Vir interessantheid noem ek die 28 plekke wat besigtig moet word in sewe kategoriee:

Vensters op verlede.

Mesa Verde, Pompei, Tibal, Petra.

Ingenieurswonders.

Piramides van Giza, Taj Mahal, Easter Island en Groot Muur van China.

Die perfekte tydsberekening.

Aurora Borealis, Serengeti, Iguaza Valle, Machu Picchu.

Oortreffende gesigte.

Die Louvre, Zen tuine van Kyoto, Uffizi Gallery en Fallingwater ('n huis in Pennsylvania wat by 'n waterval gebou is).

Ervaar nuwe hoogtes.

Yangtze rivier, Antartica, berg Kili-mandjaro en die Grand Canyon.

In teenwoordigheid van gode.

Bagan, Parthenon, Angkor Wat en Efese.

Vandag hier en more verlore.

Venesië, Amasone Woude, Great Barrier Reef, Galapagos eilande.

Ds Gideon.

BESLUIT VAN DIE BUITEN-GEWONE VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK OP 10 NOVEMBER 2016 ('n Pastorale brief uitgestuur deur die Algemene Sinode)

1) Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslag-verhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie.

2) Die Algemene Sinode:

2.1 herbevestig haar verbintenis aan die besluite van die Algemene Sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Herme-

neutiek en Skrifuitleg:

2.2 wys daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die Algemene Sinode is.

3) Die Algemene Sinode bely:

3.1 dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in 'n stukkende wêreld.

3.2 dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in 'n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.

3.3 dat almal betrokke by die verskillende vertolkings erns maak met die Skrif en dat daar by almal 'n opregte begeerte is om God se wil te soek.

3.4 dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.

4) Die Algemene Sinode:

4.1 beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar intendeel, dat met respek en liefde teenoor alle mense as beeldraers van God opgetree moet word. Ons erken die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind onself opnuut tot die bevordering van die Godgegewe waardigheid van alle mense.

4.2 roep alle lidmate op om, ongeag seksuele oriëntasie, mekaar met die liefde van Christus te aanvaar

4.3 vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie

4.4 herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap buite so 'n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie,

4.5 erken die realiteit dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintnisse is wat getuig van liefde en trou.

4.6 bevestig dat die gesin as hoeksteen in 'n Christelike gemeenskap beskou word.

4.7 is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, ongeag seksuele oriëntasie, 'n volwaardige lidmaat van die kerk is en as sodanig as ongesensuurde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.

4.8 bevestig dat kerkrade die reg behou om self te besluit wie in leiersposisies in die gemeentes mag dien, en kan nie verplig word om enige persoon wat in 'n selfdegeslag burgerlike verbintenis is, in diens te neem nie.

4.9 besluit dat dieselfde Christelike etiese standaard met betrekking tot leer en lewe geld vir die legitimasie en ordening van alle persone, ongeag seksuele oriëntasie.

Die formulering van bogenoemde besluit, soos die gedeelte van die notule wat nog nie goedgekeur is nie, is onderhewig aan die goedkeuring van die moderamen.

Saam in Sy diens

Gustav Claassen

Algemene Sekretaris

—oooOOOooo—

PLAAS GOD EERSTE

· *What wisdom can you find that is greater than kindness?* -Jean Jacques Rousseau,

Plaas God eerste

Soos 'n pa sy kinders het ons julle elkeen bemoedig en aangespoor en dit op die hart gedruk om tot eer van God te lewe, Hy wat julle geroep het om in sy koninkryk in te gaan en so aan sy heerlijkheid deel te hê (1 Tessalonisense 2:12).

As ons waarlik God se seën in die lewe wil hê, moet ons Hom eerste plaas. Die koninkryk van God is 'n huidige werklikheid; die krag van God is 'n huidige hulpbron. Dit is die energie wat jy kry om te doen wat God wil hê as jy aan Hom oorgegee het en jou aan sy wil onderwerp het. God se heerlijkheid is die rede. Dit is die rede vir alles; alles gaan oor God se heerlijkheid.

Wat beteken dit om in God se koninkryk te lewe? Dit beteken God se agenda word jou agenda; God se wil word jou wil; jy gee om vir die dinge waarvoor God omgee. Daar is veral vyf gebiede waar Christene God eerste kan plaas: finansies, belangstellings, verhoudings, skedules en probleme. So kan mense negatiewe gevoelens en emosies oorwin; so kan mense die vrees van verwerping afweer.

Die vrees van verwerping is die gevolg van 'n gebrek aan liefde. Almal van ons het liefde nodig as ons gesonde individue wil wees. As ons dink iemand gaan in 100% van ons liefdesbehoefte voorsien, maak ons 'n groot fout. Net God kan dit doen.

Coen Slabber se blog, 14/08/2016

—oooOOOooo—

MOENIE! ... WEL, MOENIE!

Hoeveel keer in jou lewe het jy nie al hierdie woord gehoor nie. Baie mense se gunsteling term is die woord: "moenie!" As jy dit te veel hoor, hou jy later niks meer van dié woord nie. Dit klink al te veel na 'n raas-woord. Wel, daar's een plek waar "moenie" nie 'n bangmaakwoord is nie, maar 'n hulpwoord. Ek praat van die eerste woorde van Psalm 37. Dit begin met "moenie". Maar luister verder: dit sê jy moenie jouself bekommer oor skelms en skurke nie. Nee, die Psalmkrywer raas nie met jou nie. Nee, hy wil jou juis help om gelukkig te leef. Die beste manier hoe, is om die Here met jou hele lewe te vertrou en op te hou bekommer. Psalm 37 bied 'n paar skitterende sleutels vir 'n gelukkige lewe voor God:

* Vergeet van slegte mense, God weet van hulle

Verseker is dit goor dat daar so baie korrupsie en misdad in die land is. Maar jy hoef regtig nie maagsere en spanningshoofpyne oor sondaars se doen en late te kry nie. Hou sommer vandag nog op om jou lewe deur negatiewe

mense te laat oorheers. Dis regtig nie die moeite werd nie. God sê in Psalm 37 dat Hy ook op hoogte is met boosdoeners. By Hom is daar geen parool vir hulle nie. Op sy eie tyd sal Hy met hulle afreken. Los dit gerus oor aan Hom.

* Fokus op God

Psalm 37:3-5 sê jy moet vertrou op die Here en doen goed aan ander. Leef weg van jouself af. Kyk op na God. Vat Hom op sy Woord dat Hy soos 'n Vader vir jou sal sorg. Moenie Hom die voorreg ontnem om jou te oorlaai met sy genade en nabyheid nie. Begin ook om iets vir mense rondom jou te beteken. Deel sommer voor son-saktyd vandag 'n stukkie brood met iemand. Bid nou dadelik vir 'n paar persone vir wie jy lanklaas aan die Here opgedra het. Deel 'n stukkie onverwagse omgee met iemand. Word weer iemand van betekenis; iemand van wie God en ander mense kennis neem.

Stephan Joubert.

e-kerk webwerf, 15 Augustus 2016

—oooOooo—

GOD SE DAGBOEK

Ek hou op om God se dagboek te probeer bestuur.

Party van my gebede is niks anders as vroom voorleggings van my eie plannetjies aan God nie. Dis eintlik maar bedekte opdragte, saam met 'n klompie aanwysings presies hoe en wanneer om dit te laat gebeur. Kortom, ek is dikwels so besig om my eie behoeftes aan God te kommunikeer en om vir Hom te sê wat Hy alles moet doen dat ek vergeet om Hom onvoorwaardelik te aanbid. Ek probeer te veel kere om deur middel van my gebede in beheer van sake te bly en om sy dagboek vol te maak met al my versoeke en voorskrifte. Dis 'n fout! Ware gebed is juis om buite beheer te wees. Dis om God met alles te vertrou. Dis om te bely dat alles wat ek is en alles wat ek het van Hom af kom. Hy alleen beheer my lewe. Egte gebed is om leeg te word van myself. My gebede durf nie bedekte pogings wees om God se kalender en aktiwiteite te probeer reguleer nie. Daarom val ek vandag van voor af

kinderlik-gelowig in by Sy wil.

Daarom buig ek nou sonder enige voorwaardes voor God. Afhanklik en propvol verwondering – dis hoe ek van nou af uit my Vader se goeie hand gaan leef!

Stephan Joubert.

e-kerk webwerf, 11 Augustus 2016.

SENDINGNUUS

(ingestuurd deur Betsie de Wet)

1. 200 000 TIBETTANE EN 62 BOEDDHISTIESE MONNIKE BESLUIT OM JESUS TE VOLG

iets wonderliks is besig om in Tibet, die tuiste van Mount Everest, te gebeur. Tibettane is meestal Boeddhiste, maar daar is ook 'n paar Moslems en 'n paar Christene in hulle geledere.

Verlede jaar het 'n Tibettaanse Boeddhistiese priester Jesus Christus aangeneem en 'n Christenpastoor geword nadat hy die liefde van Christus in aksie gesien het toe 'n groep Christenwerkers hulp verleen het en noodvoorrade help uitdeel het aan die mense van die streek nadat 'n groot aardbewing die gebied getref het.

Joe Handley, die president van Asian Access, 'n Christelike organisasie wat die Woord van God in Suid-Asië verkondig, sê dat 62 ander Boeddhiste-monnikes sedertdien ook besluit het om in die voetspore van die voormalige Boeddhistiese Lama te volg en is nou ook volgelingen van Christus. En dit is nie al nie.

“Kerkleiers skat dat daar die afgelope jaar meer as 200 000 mense tot bekering gekom het as gevolg van die werk wat die Christelike gemeenskap daar doen,” het Handley gesê.

Hy sê dit is alles te danke aan die werk van Christenwerkers wat hoop en genesing aan die mense van Tibet gebring het in die nadraai van verlede jaar se verwoestende aardbewing. “Hulle het nie Boeddhiste, Hindoes, of ander godsdienstgroepe gesien wat te midde van die puin gehelp het nie. Week na week is dit die volgelingen van Jesus wat die toets van die tyd deurstaan het en hulle

eie tyd en lewe gewy het om die hande en voete van Jesus te wees,” het hy gesê.

Bron: Juig tydskrif (September 2016)

2. GEOPENDE DEURE

U ONDERSTEUNING DRA PASTORE EN HUL BEDIENINGS IN SENTRAAL-ASIË – DANKIE

Pastoor Dmitry (skuilnaam), 'n voormalige dwelmverslaafde, is deur Jesus gered, waarna hy 'n hart gehad het om die genade van God wat sy lewe verander het, met ander te deel. Maar 'n pastoor se inkomste was nie genoeg om vir sy gesin te voorsien nie.

“Ek het geweet dat God my geroep het om 'n pastoor te wees, maar my salaris was nie genoeg vir my gesin om kop bo water te hou nie. Ek het verskeie tipes besighede ondersoek wat my kon help met 'n ekstra inkomste en het teëlbakkerie ontdek,” het pastoor Dmitry gesê.

En te danke aan u ondersteuning, was Geopende Deure in staat om hom van 'n mikrolening te voorsien wat hom in staat gestel het om 'n teëlbesigheid te begin, wat vinnig gegroei het. Danksy die besigheid se stewige groei, kon pastoor Dmitry ophou om 'n salaris van die kerk te trek sodat die ekstra fondse gebruik kon word vir ander bedieningsaktiwiteite!

Nou kan pastoor Dmitry vir sy gesin sorg en die kerk se bediening uitbrei. Die kerk reik uit na die wat haweloos is, sowel as na alkoholiste en dwelmverslaafdes met kos, skooling, werksopleiding en die evangelie. Deur die kerk se kelder oop te stel, het pastoor Dmitry 'n ongelooflike bediening vir die vervolgdies, en die wat verwaarloos en verdruk word in Sentraal-Asië begin.

Soos pastoor Dmitry verduidelik: “Dit is 'n tuiste vir diegene sonder 'n tuiste. As iemand uit hul huis geskop word nadat hul geloof ontdek is, bied ons hulle skooling. As iemand 'n gestremdheid het en nie in staat is om te werk nie, bied ons hulle 'n tuiste. As iemand van 'n dwelmgewoonte herstel – wat 'n groot probleem in hierdie streek is

– voorsien ons hulle nie net van 'n tuiste nie, maar van toegang tot die hulp wat hulle benodig."

Die wat gehelp word, meestal mans, leer nuwe vaardighede soos landbou en neem Engelse klasse om bemerkbare vaardighede te hê sodat hulle werk kan vind wanneer hulle weer aanbeweeg. Die bediening gee hoop aan diegene wat wanhopig was.

Pastoor Dmitry het gesê: "Ek is so dankbaar vir die mikrolening – dit het my toegelaat om vir my familie te sorg en om my bedieningswerk uit te brei. Die evangelie word uitgebrei in Sentraal-Asië."

Dankie vir u ondersteuning, wat help om die liefde van Christus te versprei deur mense soos pastoor Dmitry in plekke soos Sentraal-Asië.

NOORD-KOREAANSE VROU VIND HOOP IN CHRISTUS DANKSY U ONDERSTEUNING!

Su-jin (skuilnaam), het haarself sonder geld en identifikasiebewyse bevind nadat sy die weermag verlaat het. 'n Ander vrou, Chung (skuilnaam), is gedwing om op haar eie te oorleef toe haar man opgesluit is. Al twee vroue was desperaat – alleen en sonder hoop in Noord-Korea.

Uit radeloosheid het hulle werk aanvaar by 'n paar vroue wat hulle na China geneem het. Die hartverskeurende uiteinde was dat Su-jin as 'n bruid verkoop is, en dat Chung, nadat haar werkgewers haar in die steek gelaat het, geen keuse gehad het as om met 'n Chinese man te trou om te oorleef nie.

Su-jin se man, 'n alkoholis, het haar emosioneel en fisiek mishandel, terwyl Chung 'n seun by haar nuwe man gehad het – maar sy het steeds haar eerste man, wat in die tronk was, gemis. Hul situasies was droewig.

Beide vroue het hoop en sin in die lewe gevind toe hulle genooi is om geheime Bybelstudies by te woon wat u help moontlik maak! As dit nie vir hierdie Bybelstudies was nie, sou die vroue soos Su-jin en Chung verlore en sonder hoop wees of selfs dood.

In stede hiervan het Su-jin en Chung Christus as hul persoonlike Saligmaker aanvaar, wat hul lewens vir altyd verander het en hulle met doelgerigtheid en hoop gevul het.

Chung het gesê: "Ek was 'n opvlieënde persoon wat aan ernstige episodes van depressie gely het. Nou volg ek in Jesus se voetstap met diensbaarheid en volharding."

Dit is net een van die vele maniere waarop u ondersteuning help om Noord-Koreaanse gelowiges aan te moedig, sowel as diegene wat ly onder die ergste tirannie in die wêreld vandag. U ondersteuning voorsien ook Noord-Koreaanse Christene van noodlenigingsvoorrade, skuilhuise en dissipelskapopleiding wat help om die Kerk in haar tyd van nood te versterk en toelaat om te groei. Dankie!

2015 IMPAK-VERSLAG

U het praktiese ondersteuning gebied in 'n tyd van nood

Deur u ondersteuning het Geopende Deure op die praktiese behoeftes van vervolgte gelowiges gereageer op baie verskillende maniere.

U het gehelp om kos, klere, skoolgeld, traumasorg, bemoediging en ander ondersteuning aan weduwees, weeskinders, vlugtelinge, gevangenes en gelowiges in uiterste nood of gevaar te voorsien – soos Batima.

Batima het na 'n Geopende Deure-skuilhuis gevlug nadat haar Moslemgesin haar erg geslaan het omdat sy geweier het om Christus te verloën. "Dankie dat julle my van 'n veilige hawe voorsien het," het sy gesê. "Dis wonderlik dat my Christelike familie gereed is om my te help in my vreeslike omstandighede."

"Ons het geen tekort aan kos nie, en ons het nou finansiële steun weens u gehoorsaamheid om ons te ondersteun. Ons is baie dankbaar," – Eritrese pastoor.

U het gehelp om meer Bybels in gelowiges se hande te plaas

Geopende Deure versprei Bybels en Christenliteratuur in plekke

waar dit moeilik is – of selfs verbode – om God se Woord in die hande te kry.

Pastoor Raoul woon in 'n hoogs ontoeganklike land in Sentraal-Asië, waar daar 'n kritiese tekort aan Bybels is. Hy sê: "Sonder die literatuur wat julle bring, sou dit uiters moeilik wees om die kerk te lei."

U geskenke het gehelp om meer as 1 miljoen Bybels en Christenboeke in Sentraal-Asië verlate jaar te versprei. "Om Bybels af te lewer, is gevaarlik," sê 'n Geopende Deure medewerker, "maar ons moet daarmee volhou. Mense kan net glo as hulle die Boodskap gehoor het."

U het gehelp om gelowigs op te lei om God se Woord te verkondig

Geopende Deure bied verskillende soorte opleiding aan om vervolgte gelowiges te versterk en hulle te bemagtig om 'n getuie vir Christus te wees.

U ondersteuning het kursusse voorsien in teologie, leierskap, seminare rakende die huwelik, traumasorg en interkulturele evangelisasie en **Standing Strong Through the Storm**-seminare.

Pastoor Moses leef onder die konstante bedreiging van Al-Shabaab-militante in Noordoos-Kenia. "Ek was eers bang gewees," het pastoor Moses gesê, "maar nadat ek die **Standing Strong Through the Storm**-seminaar bygewoon het, was ek aangemoedig om vas te staan. Die teenwoordigheid van die kerk beperk en verhinder die toename van die duisternis. Ons moet dus hier bly en vasstaan." – Pastoor Moses.

IN DIE LOOPGRAAF

Alimjan Yimit, 'n Uyghur huiskerkleier in China, is in 2009 tot 15 jaar in die tronk gevonnissen op die aanklag dat hy "verdeeldheid saai en staatsgeheime verklap." Sy vrou, Gulnur, moet sukkel om hulle twee seuns groot te maak terwyl hy in die tronk kwyn.

Vir Gulnur is dit die moeilikste om te sien hoe haar seuns sonder 'n pa grootword, veral haar 8-jarige seun wat net 1 jaar oud was toe

Alimjan tronk toe is. Gulnur het vertel: "Hy kan skaars enigiets van sy pa onthou. Hy is besig om groot te word sonder 'n vaderfiguur."

Oor haar ouer seun het Gulnur gesê: "My oudste seun mis sy pa so baie! Heel dikwels onthou hy die kosbare oomblikke saam met sy pa toe hy 'n kind was...."

Ongelukkig is dit die konstante realiteit vir baie families wie se geliefdes vir hul geloof in die tronk gegooi word. Eggenotes of ander familieleden word die broodwinners en kinders word op hul eie groot.

Hou asseblief aan om te bid vir die baie families wie se geliefdes in die tronk is en wat sukkel om standvastig in hul geloof te bly. En laat ons ook in volharding en krag bid vir ons medegelowiges, soos Alimjan, wat in die tronk is.

Wêreldwaarnemingslys: NOORD-KOREA

Posisie op die 2016 Wêreldwaarnemingslys: 1

Leier: Kim Jong-Un.

Bevolking: 25,2 miljoen (200-400 000 Christene)

Meerderheidsgeloof : Ateïsme/tradisionele oortuigings.

Regering: Kommunistiese diktatorskap.

Hoofbronne van vervolging: Kommunistiese onderdrukking/diktatoriale paranoia.

Noord-Korea is steeds die gevaarlikste plek in die wêreld om 'n Christen te wees. Kim Jong-Un moet sonder teenspraak aanbid word, wat geen ruimte vir enige vorm van godsdiens laat nie. En enige persoon wat dit waag om enigiets of enigiemand anders behalwe die Kim-dinastie te ver-
eer, word deur die staat as gevaarlik beskou. Christenskap word dus geag as heeltemal afskuwelik. Indien enigiemand se Christengeloof ontdek word, kan hulle in afgryslike arbeidskampe gegooi word, gemartel, opgesluit, as wetenskaplike "proefkonyne" gebruik word, of selfs doodgemaak word. Hul families en enige Christennetwerke waaraan hulle verbind is, staan dieselfde lot in die gesig.

Ten spyte van dié risiko's, kies

Noord-Koreane steeds om Christus te volg! En dis vir redes soos hierdie dat Geopende Deure volhou om dié te "versterk wat oorbly en op die punt is om te sterf" (Openb 3:2). Hierdie vers is veral van toepassing op die situasie van die Noord-Koreaanse Kerk. Sonder u ondersteuning sou baie Christene eenvoudig van die honger omkom.

In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat ons hulle in ons gebede oplik...

Gebedsversoeke:

Bid vir voorsiening en beskerming vir ons vennote wat kos en ander voorrade tot in Noord-Korea smokkel.

Bid vir vertroosting en krag vir dié Christene wat die daaglikse afgyse van arbeidskampe in die gesig staar.

Bid vir beskerming vir die ondergrondse kerk en vir wysheid sodat hulle sal weet wie in die land om te vertrou.

Bron: Geopende Deure FRONTlinie Geloof - September 2016; **Adres:** Posbus 1771, Cresta, 2118; **Telefoonnr** 011 888 9341, **Faksnr:** 011 888 9362; **E-pos:** southafrica@od.org; **Web:** www.opendoors.org.za; **Bankbesonderhede:** Geopende Deure – Open Doors, ABSA; **Rekeningnr:** 160 340 568; **Takkode:** 632005

MADAGASKAR

Liewe Vriende,

Groete uit Madagaskar – ons is tans in die noorde.

Hiermee 'n aantal gebedspunte vir dank en enkele versoeke:

Ons het 'n vol program maar sake verloop goed – so ook met die veldbesoeke saam met die VSA besoekers. Baie gaaf om van die nuwe gemeentetjies in die veld te sien. Bid steeds vir die kerkplantingsaksies – sommige trek swaar. Ons soek ook fondse om die een span steeds te laat voortgaan. Bid ook vir 'n nuwe span wat ons op die been wil begin kry.

Bybels: Na die ontvangs van die eeste 2,600 Bybels in Augustus vir die huidige verspreidingsprojek het ons gister nuus gekry dat 'n verdere 2,500 nuwe Bybels nou beskikbaar is.

Dis nou baie vinniger op ons af as

wat ons verwag het en sal die nodige gebed waardeur vir die fondse en die verspreiding.

Leierskapsopleiding: Bid asb ook vir die beplanningsessies oor die naweek vir 2017 se werk. Ons het nog versoek gekry om nuwe groepe te begin. My medewerker is tans besig met 'n opvolgseminaar in Maromandia net noord hiervandaan.

Behuising: Ons het 'n boodskap van die eienaar gekry wie se huis ons in Julie betrek het dat hy dit wil verkoop. Ons het geen idee wat dit gaan inhou nie.

Kontak met kerkleiers: Ek het die nuwe nasionale moderator van die groot Gereformeerde Kerk, die FJKM, gaan ontmoet en hy stel baie belang in wat ons doen.

Hy het onlangs ook opdrag aan alle gemeentes gegee om hulle evangelisasiepogings op te skerp.

Radiowerk: Ek is tans in die noorde hier by 'n christen radiostasie in Antsohihy waar die sender uitgebrand het. Dit was 'n goeie hulpmiddel vir die kerk hier maar dis nou stil. Ek probeer ook nou kyk wat gedoen kan word om te help.

Sofia provinsie leierskap: Goeie nuus is dat al die nuwe senior leiers soos die provinsionale leier en polisiehoof, die direkteur van ontwikkeling (by wie ek tans oorbly), hoof van die genderme, burgermeester, ens. hier in Antsohihy en omgewing in Sofia nou christene is. Bid dat hulle sal kan saamwerk om 'n blywende verskil vir die Koninkryk te maak. Hulle is ook almal lidmate by die groot Gereformeerde gemeente hier op die dorp. Daar is egter ook weerstand en 'n redelike veiligheidsprobleem tans hier.

Saam in Sy diens, Wolf.

—oooOOOooo—

GEMEENTEGEBEURE

Die afgelope maand was dit nogal besig in ons gemeente. Ek hoop ek onthou al die geleenthede.

Op **30 Oktober** het ons die Hervorming herdenk wat so 'n groot invloed op die kerkgeskiedenis gehad het. Saterdag, **5 November**, was 'n groot dag met die optrede van Manie Jackson. Hy het ons vermaak met nostalgiese liedere uit die verlede wat almal geniet het.



Daarna is verversings bedien in die saal en Jaffels en ander lekkernye is ook verkoop. Weer eens het die omgeevroue baie hard gewerk vir die funksie en net meer as R19 000 wins gemaak. Ons kan hulle nie genoeg bedank vir hul poging nie. Bettie van Staden het die meeste kaartjies verkoop vir Manie se optrede en daarvoor 'n geskenkpak ontvang.



Op **6 November** het ons Nagmaal gevier en is 6 nuwe lidmate bevestig: Mieke Pienaar, Louise



Hough, Michelle Marais, Salome van Rooi, Stephanie Cook en Nadine Smart. Ons verwelkom hulle graag in die gemeente en deel ons gelukwensings met die ouers, familie en vriende.

By hierdie geleentheid is daar ook 3 babas gedoop, nl Alexandra Alexis Smart, dogter van Andre Bronkhorst en Undeen Smart; Zoë Elizabeth Labuschagne dogter van Jacobus Labuschagne en Nadine Smart en Kara Lötter, dogter van Quinton en Ansu Lötter. Graag wens ons die doopouers, oupas en oumas en ander familie van harte geluk.



Sondag, **13 November**, het Louis John vir ons 'n aantal pragtige liedere gesing as deel van 'n Kerssangdiens. Ons bedank hom graag vir al sy moeite om hier op te tree en vir die pragtige sang waarmee hy ons vergas het.



By hierdie geleentheid is ook 'n baba gedoop, nl Luke Leroux Boucher, seun van Johan en Leigh-Ann Boucher. Ook hierdie doopouers, oupas en oumas en ander familielede word hartlik gelukgewens.

Na die erediens het ons in die saal aangesit vir die gebruikelike **gemeente-ete** op die Sondag na Nagmaal. Die omgeevroue het koue vleis en broodjies voorsien en verder het die mense hul eie slaai, poedings en drinkgoed gebring. Almal het van mekaar se kos gedeel en ons het lekker saam geëet. In die toekoms moet gemeentelede asb die geleentheid beter ondersteun. Baie dankie weer aan die omgeevroue en vir almal wat iets te ete gebring het.



LIEF EN LEED

Soos gewoonlik is daar weer 'n lys van name van siekes vir wie voorbidding gevra word. Bid asb vir:-

Martin Ferreira wat 'n nekoperasie ondergaan het. Die operasie was suksesvol. Nou lê die pad van herstel voor.

Anton Bekker wie se skandering in Oktober "skoon" was. Die onkoloog is tevrede maar wil nog toetse doen.

Johan Rheeder aan wie se been 'n kankergroei sel verwyder is. Wanneer hy herstel het, word 'n knieervanging gedoen.

Pierre de Villiers wie se oogoperasie uitgestel is.

Kallie Krynauw wie se voetoperasie ook uitgestel is.

Miempie van Rensburg wat rugprobleme het en 'n infiltrasie van kortisoon in die rug ondergaan het.

Margaret Sevenster wie se hart nog kort-kort probleme gee.

Mara Potgieter wat erge artritis in haar hand het.

Marie Jacobson wat op haar ouderdom na haar kinders in Nieu-Zeeland gaan.

Benita Erasmus wat 'n oorinfeksie het wat haar balans versteur en haar tweekeer al hard laat val het. Daar is ook vasgestel dat sy aan hoë bloeddruk ly.

Anei van der Westhuizen (1 jr), kleindogter van Liën en Jannie van Niekerk wat in Unitas was met gastroënteritis.

Renie du Plessis van Rusoord wat baie verswak het. Bid asb ook vir al die verswakte bejaardes in Rusoord.

Morgan Smit wat aan sy elmboog geopereer is om die senuwee te herstel wat sy linkerhand beheer.

Suzette van den Berg wat op 8 Desember 'n elmboogoperasie ondergaan.

Vorbidding word ook gevra vir Chris en Daleen Pienaar se kinders van Messina wat by die werk aan-geval is deur 4 rowers. Hulle is nie beseer nie.



Finesse Bookkeeping

- Full monthly bookkeeping services up to Trail Balance, including customers & suppliers.
- Submitting of VAT returns (VAT201)
- Monthly payroll services
- Submitting of PAYE, SDL & UIF returns (EMP201)
- Monthly declaration to UIF & bargaining council
- EMP501 Reconciliations and Submissions
- Submitting of individual Income Tax Returns

Contact Cornel Vorster

@ 082 859 6679 or

email accounts@finesseb.co.za

ZERO BOOMSLOPINGS

BOOMSLOPINGS EN SNOEI
VAN BOME EN STRUIKE.
ONS VERSKAF OOK
KAGGELHOUT



KONTAK ERNST

083 656 4992

www.treecarepta.co.za

www.boomslopings.co.za